MY REIS NA GENESING
saam met 'Go Natural'

—deur Johan Beugger

My naam is Johan Beugger, van Kaapstad. Op 5 September 2014 het ek 'n 70-jarige ou man geword; dit het my oorweldig! Depressie het van my beslag geneem; ek was vet en uiters onfiks; ek het net meer as 112 kg geweeg. Ek was op voorgeskrewe bloeddrukmedikasie, met my bloeddruk tussen 130 en 140 oor 'n 100, ten spyte van die feit dat ek die medikasie geneem het. Ek was ook op voorgeskrewe sooibrandmedikasie.

Op my 70ste verjaardag het my "oudword" my skielik oorweldig! Depressie het van my beslag geneem; ek was vet en uiters onfiks; ek het net meer as 112 kg geweeg.

"Verlede jaar het ek 71 geword en ek sien uit na nog baie, baie jare van 'n kwaliteitlewe! Wat 'n verskil van 'n jaar gelede!"

Te veel moeite

Ek het stelselmatig van my kop af gegaan en het oor die volgende vyf jaar vreemde dinge oorgekom en onverklaarbare dinge aangevang. My vrou, Estelle, was reeds besig om navraag te doen oor 'n geriatriese psigiater vir my en ek het gewonder wat sou gebeur as ek op 'n dag vergeet om huis toe te kom. Ek was seker dat ek aan aan demensie gely het. Verder was alles heeltemal onoorkomlik en het geheel en al te veel inspanning geverg.

Die maande het verbygesleep met my vasgevang in die dieptes van wanhoop, oortuig daarvan dat ek in die laaste paar jaar van my lewe slyt – as ek gelukkig genoeg was om nog 'n paar jaar oor te hê. Toe gebeur daar 'n paar maande later iets wat 'n ommekeer in my lewe meegebring het. Estelle het my aandag gevestig op 'n artikel van Johan Jacobs in 'n uitgawe van JOY!-tydskrif. Ek het vlugtig daarna geloer, maar dit as 'n advertensie beskou en verbygeblaai. Sy het my aangemoedig om dit te lees en gesê sy voel dat dit my kan help. Hierdie keer het ek die artikel aandagtig gelees en dit het my in so 'n mate geboei dat ek na Go Natural se webwerf gegaan het om meer uit te vind. Ek was verheug om uit te vind dat Johan in Somerset-Wes is, 'n skrale 30 minute van ons af.

Go Natural

Die volgende dag het ons vir die eerste keer na Johan en Alicia se Go Natural-gesondheidswinkel gegaan. Ons het huis toe gekom met twee van sy boeke, 'n distilleerder en 'n verpulper ('blender'). Sedertdien het ons ander kombuistoerusting soos 'n meulsteun, 'n voedsel-dehidreerder en 'n roller vir hawer aangeskaf om ons ten volle vars, natuurlike, volgraan en organiese dieet verder te verbeter. Die afgelope jaar het ons niks geëet wat uit 'n boks of pakkie kom nie.

Die gehalte van die toerusting van Johan se winkel is uitsonderlik. Ons distilleerder het die afgelope jaar al meer as 4 300 liter gedistilleerde water geproduseer sonder enige probleme.

'n Paar weke nadat ons hom ontmoet het, het Johan ons na 'n tandarts verwys wat gekwalifiseer is om die Hal-Huggins-biologiese tandheelkundige-prosedures uit te voer. Ek en my vrou se monde is deeglik geëvalueer en my amalgaamstopsels is onder spesiale veiligheidsmaatreëls verwyder en met 'n niegiftige materiaal vervang. My bloedstroom is stadig maar seker, deur baie jare heen, elke dag met ± tien mikrogram kwik per stopsel vergiftig. Binne 'n paar weke het die kop-vol-watte-gevoel, ook bekend as "brain fog", wat ek aan dokters probeer beskryf het, verdwyn.

Die lewe is maar 'n oogwink, 'n vlugtige oomblikkie in tyd. Sonder 'n betekenisvolle verhouding met die Here, is al hierdie dinge nutteloos en sinneloos.

Transformasie

Sonder hierdie behandeling was ek goed op pad na die ouetehuis en kranksinnigheid. My verstand is nou helderder en skerper as wat dit tien, of selfs vyftien jaar gelede, was.

Ek weeg 32 kilogram minder as wat ek 'n jaar gelede geweeg het en ek neem nie meer bloeddrukmedikasie nie.

Grondslag van goeie gesondheid

Verlede jaar het ek 71 geword en ek sien uit na nog baie jare van 'n kwaliteitlewe! Wat 'n verskil van 'n jaar gelede! Baie dank aan my vrou wat my gehelp het en gesteun het in hierdie gesonde leefstyl. Ons is albei ten volle en geheel en al verbind tot hierdie uitstekende leefstyl. Go Natural is verreweg die uitstekendste en omvattendste boek om die leser op te voed oor 'n veel beter en superieure lewenstyl. Dit bespreek elke aspek wat nodig is vir 'n uitstekende lewe, naamlik:

1. Water – Die volmaakte grondslag vir goeie gesondheid is om suiwer, gedistilleerde water in voldoende hoeveelhede te drink en sodoende te verseker dat jou liggaam nooit dors is nie.

   Dit spoel gifstowwe en anorganiese mineraalneerslae uit jou gewrigte, are en slagare en is beslis uiters doeltreffend om bloeddruk te verlaag en hardlywigheid te verminder.
2. Tande – jou mond. Baie min mense is bewus van die feit dat dit die verskil tussen lewe en dood kan wees. Hierdie onderwerp word omvattend bespreek.
3. Kos – voeding. Sonder effektiewe en behoorlike voeding, kan jou immuunstelsel jou nie teen lewensbedreigende siektes, soos kanker beskerm nie.
4. Geestelik – Die lewe is maar 'n oogwink, 'n vlugtige oomblikkie in tyd. Sonder 'n betekenisvolle verhouding met die Here, is al hierdie dinge nutteloos en sinneloos.

Begin om te lewe

As iemand wonder of ek die ware Jakob is, is jy welkom om my deur middel van Johan Jacobs by Go Natural te kontak. As iemand my storie lees en reeds Johan se boek, Go Natural, besit, raai ek jou aan om dit te bestudeer en oor te gaan tot aksie en te begin leef. As jy nog nie 'n boek het nie, skaf DADELIK vir jou een aan en kies die lewe! ■

JOHAN JACOBS is die stigter en outeur van Go Natural. Besoek www.gonatural.co.za om sy boek te bestel.

SIEKTE IS GEEN ONGELUK NIE!! 12 jaar gelede het ek die dood in die oë gestaar, sonder hoop op herstel. Deur GENADE is ek 'n tweede kans gegun. Ek nooi jou om jou tweede kans te gebruik en beheer te neem van jou gesondheid

Johan Jacobs, stigter en outeur van GO Natural

GO NATURAL



Die volledigste en omvattendste gesondheidsboek wat jy ooit sal lees. Hierdie boek sal jou tot 'n siektevrye lewe begelei.

SLUIT 72 RESEPTE IN!

DIE DOEL VAN DIE BOEK

Die liggaam is wonderlik geskape. Die onverhandelbare voorwaardes vir die liggaam om doeltreffend te funksioneer is behoorlike voeding en die verwydering van alle gifstowwe. In sy boek deel Johan sy genesingsreis; 'n merkwaardige "lang pad na gesondheidsvryheid." Hierdie reis het hom bemagtig om riglyne te deel hoe om moderne gesondheidslandmyne te vermy en mense in staat te stel om heeltemal siektevry te leef.

nuut

JOHAN SE ONTDEKKING HET HOM LAAT BESEF:

- Dat 'n gesonde dieet en leefstyl noodsaaklik is vir die liggaam om natuurlik, siektevry en optimaal te funksioneer
- Die liggaam sal slegs oor die vermoë beskik om selfgenesend, selfonderhoudend, en selfbeskermend te wees indien 'n gesonde dieet en leefstyl gevolg word
- Go Natural vlek die verskuilde gevare oop wat in ons mond, kos en omgewing skuil en wat potensieel die kernoorsaak van ons siektetoestand is
- In Go Natural verduidelik Johan ook waarom die leefstyl van 'n "jagter-versamelaar" hoër voeding vir optimale gesondheid verskaf
- Go Natural sal jou help om die verskil tussen 'n siekte en 'n siektetoestand te verstaan – en jou wys hoe om beheer van jou gesondheid te neem
- Go Natural sal die redes (en die oplossings) vir fisieke degenerasie, versnelde veroudering en onnodige gewigstoename verduidelik

Aanlyn beskikbaar by
www.gonatural.co.za